**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**

**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Publikasie nr. | Datum | Onderwerp nr. | Dokument nr. |
|---|---|---|---|
| 0 1 5 9 | 81 08 14 2 2 6 | 329 | 1720 |

OGGENDBLAD Jg. 9 Nr. 229 P. 3 Dat. 81 8. 14

# Vuurp[illegible] 'n gev[illegible] klant

Militêre Korrespondent

PRETORIA. — Die 122-mm-vuurpyl-lanseerder wat kort ná die aanval Woensdagaand op Voortrekkerhoogte deur die Polisie gevind is, is van Russiese oorsprong en staan bekend as die DKZ-B-lanseerder.

Die vuurpyle wat dit lanseer, het 'n reikafstand van net minder as 11 kilometer en die stelsel word gebruik teen mense en geboue.

Die hele stelsel weeg 49,4 kg, maar dit kan in twee ligter, maklik vervoerbare dele opgebreek word. Wanneer die lanseerder opgebreek is, weeg die buis, wat 2,46 meter lank is, 21,7 kg. Die driepoot-stander kan opgevou word tot 'n kompakte eenheid van 96,5 cm x 30,5 cm x 43,2 cm, wat 27,7 kg weeg.

Dié eienskappe maak die DKZ-B-lanseerder besonder geskik vir vervoer te voet deur grondmagte oor moelike terrein en boonop verg dit 'n klein bemanning. Dit is ook besonder akkuraat en is van die gevorderdste wapen in sy soort.

In Viëtnam is dit met groot welslae teen die Amerikaanse magte gebruik.

Die vuurpyle is maklik herkenbaar aan hulle lengte, die vinne aan die agterkant en die gesuitlate. Die lanseerbuis het 'n maklik-herkenbare en duidelik sigbare groef, waardeur die vuurpyl in 'n draaibeweging geplaas word met lansering.

'n Woordvoerder van die Polisie het gister gesê die lanseerder is 'n paar honderde meter van die plek waar die skietvoorval plaasgevind het, gekry. Dit is waarskynlik van waar die aanval gedoen is, sê kol. N.J. Theron, skakelhoof van die Polisie. Die plek is sowat 4,5 km van waar die vuurpyle in Voortrekkerhoogte geval het.

Die lanseerder is ongeveer 100 meter van die naaste huise in 'n oop veld, aan die Suidoostekant van Laudium, gevind.

Kol. Theron sê die moontlikheid dat die vuurpylaanval op Voortrekkerhoogte verband hou met die skietvoorval waarin 'n Indierseun gewond is, kan nie uitgesluit word nie. Dit is egter nog nie moontlik om dit te bevestig nie.

Die vuurpylaanval was om sowat kwart voor elf Woensdagaand en die skietvoorval het 'n kwartier daarna plaasgevind, 'n paar honderd meter van waar die lanseerder gevind is.

Volgens kol. Theron is die lanseerder in 'n blou bakkie vervoer. Die fabrikaat van die bakkie en sy registrasienommer is nie bekend nie.

**TREFWOORDE**

1 Voortrekker-
hoogte
2 Stedelike
Terrorisme
3 Vuurpyle
4 ANC
5 Aanvalle
6 Polisie
7 Kommentaar
8
9
10